Die Burger, 21 Oktober 2016, bls 13

Wynbedryf erg ontstig oor TV-program oor 'slawerny'

Nellie Brand-Jonker

Die wynbedryf is erg ontstig oor die televisieprogram *Bitter Grapes – Slavery in the Vineyards* wat Woensdagaand op Sweedse televisie uitgesaai is.

Die dokumentêre program deur die Deense ondersoekende joernalis Tom Heinemann handel oor werktoestande op wynplase in Suid-Afrika.

In die program word dit veral betwyfel of wyn wat onder die Wieta-handelsnaam vir etiese wyne geproduseer is wel eties vervaardig word.

In 'n verklaring van die produsenteliggaam VinPro word gesê dit plaas verskeie wynkelders en die wynbedryf in 'n baie slegte lig.

"VinPro erken die uitdagings van die wynbedryf ten opsigte van maatskaplike opheffing, die ontwikkeling en aanleer van vaardighede vir arbeiders op plase, asook transformasie en grondhervorming," lui die verklaring.

VinPro meen egter daar is "merkwaardige vordering" met die omstandighede van plaasarbeiders gemaak.

"Die belangrikheid van volhoubare maatskaplike opheffing word ten volle erken,



Rico Basson

> **"Sensasionele verslaggewing en opportunisme is nie tot voordeel van enige van die betrokke partye nie.**
>
> – RICO BASSON, UITVOERENDE BESTUURDER VAN VINPRO

maar die uitvoering van hierdie doelwit is 'n proses wat tyd en voortdurende ondersteuning, verbintenis en investering vereis."

VinPro beskuldig Heinemann van 'n eensydige en partydige benadering in die program. "Verskeie bedenklike aspekte van die dokumentêr is reeds bevraagteken – sowel plaaslik as in Skandinawië."

Die organisasie meen die program kan potensieel 'n negatiewe impak hê op die hele bedryf, wat vir sowat 300 000 werkers werk gee.

"'n Groterwordende vraag na Suid-Afrikaanse wyn asook beter marktoegang is nodig om werkgeleenthede vol te hou en te laat toeneem."

Rico Basson, uitvoerende bestuurder van VinPro, sê daar is steeds groot kommer oor die ekonomiese volhoubaarheid van die bedryf. Volgens hom is die winsmarge van die wynbedryf tans 'n lae 2%.

Hy het verwys na vroeëre navorsing deur die Suid-Afrikaanse Wynbedryfinligting en -stelsels (Sawis), wat toon 4,65 werkgeleenthede word geskep vir elke R1 miljoen wat belê word.

"Die realiteit is dat druiweprodusente onder druk is. Sensasionele verslaggewing en opportunisme is nie tot voordeel van enige van die betrokke partye nie," sê Basson.

SakeJSE